

**13 SEPTEMBER**

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 89  
FOKUSGEDEELTE: PSALM 89:2-3**

**God se onwankelbare liefde en trou!**

In 'n biddende tweegesprek met God begin die psalmdigter met dié geloofsverklaring: “Ek sal altyd sing van die Here se liefdesdade, sy trou verkondig aan komende geslagte.” Die rede daarvoor lê in God sélf, naamlik sy liefde en verbondstrou wat vir ewig vasstaan in die hemel en op aarde (vs. 3-5).

Hy prys die Here vir sy skeppingsmag – sélfs die hemel, hemelwesens en hemel vergadering, die see en ontembare seemonsters (Jes. 51:9) moet vir Hom ontsag hê! Hy regeer nie deur geweld nie, maar deur geregtigheid, liefde en trou (Ps. 89:15). Die digter loof God vir sy verbondsbelofte en God se trou teenoor Dawid (vs. 4-5, 19-38; Ps. 132) is deel van die rede hoekom hy vir altyd sal sing van die Here se liefdesdade en sy trou aan die komende geslagte sal verkondig.

Daar is egter min psalms met só 'n duistere einde as Psalm 89! Die volk het God se verbond verbreek en die gode van heidennasies gedien. Daarom het die Here hulle in ballingskap laat wegvoer as straf vir hulle ontrou en ongehoorsaamheid. Die digter bid dus om genade. Hy bid dat die Here sal dink aan die spot wat sy volk moes verduur van die heidense volke, want hierdie volke is ook die Here se vyande!

Eeue na die psalm geskryf is, het God in ons Here Jesus Christus uitkoms bewerk. In 'n gebroke wêreld met baie pyn, trane en hartseer, het Hy as die Gesalfde van God – hoogste Profeet, enigste Hoëpriester en ewige Koning – uitkoms gebring. Hy het al die spot van die goddelose op Hom geneem. Aan die kruis het Hy vir God se kinders (vir elke gelowige) versoening gedoen. In vervulling van God se verbondsbeloftes aan Abraham, Isak, Jakob en koning Dawid, het Jesus Christus gekom om die trane af te droog en God se volk op te roep tot nuwe gehoorsaamheid: liefde tot God en liefde tot die naaste.

Daarom sal ons altyd sing van die Here se liefdesdade. Daarom sal ons sy trou verkondig aan komende geslagte (vs. 1). Saam met die psalmdigter loof ons dan die Here met die woorde in vers 53: “Aan die Here kom die lof toe vir altyd. Amen, ja, amen.”

*Ds Ockert Oosthuizen (Cullinan)*